# Hoe moet ek dit verstaan? 6

## ‘n Wildevyeboom wat vlieg?

*En die Here antwoord: “As julle geloof soos ‘n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie wildevyeboom gesê het, ‘Trek jou wortels uit die grond en gaan plant jouself in die see,’ en hy sou na julle geluister het.*

Luk 17:6 AFR20

Nie een van ons kon al ’n wildevyeboom in die see gaan plant nie? Beteken dit dan nou dat ons nie genoeg geloof het nie? Want selfs al is jou geloof so klein soos ’n mosterdsaadjie, sal jy dit kan doen, sê die Here Jesus.

Dis immers hoe dit klink as ’n mens dit hier lees. Maar, en dit is een van die belangrikste dinge wat ’n mens moet onthou as jy die Bybel lees: die Bybel is nie vol losstaande teksverse wat ’n mens sommer so kan uithaal en apart hou nie. Die Bybelse uitsprake pas bymekaar, en daarom moet ons kyk wat staan by hierdie uitspraak van Jesus. Hoekom het Hy dit gesê?

Hierdie gedeelte begin met die uitsprake van die Here wat daarop neerkom dat ons dit nie vir ander moeilik moet maak om die Here te volg nie. Hy sê as jy die oorsaak is dat ander struikel in die geloof, is dit vir jou beter dat jy in die see verdrink (vers 2). Een van die grootste struikelblokke wat ons as Christene in ander se geloofspad kan rol, is liefdeloosheid en onvergewensgesindheid.

Dit ís baie moeilik om iemand te vergewe wat jou te na gekom het. En tog vra die Here dat ons dit moet doen, selfs sewe keer op een dag (vers 4)!

Die dissipels hoor dit, en hulle voel moedeloos. Wie kan nou só leef? Daarom kom hulle na Jesus toe en vra vir Hom: Here, gee ons meer geloof (vers 5). As ons net meer geloof het, dan sal ons beter in staat wees om ons naaste te vergewe.

Dis dan dat Jesus in vers 6 sê: “As julle geloof soos ‘n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie wildevyeboom gesê het, ‘Trek jou wortels uit die grond en gaan plant jouself in die see,’ en hy sou na julle geluister het.” Jesus se antwoord wil vir hulle sê dat jy nie meer geloof nodig het om ander te vergewe nie. Om mekaar te vergewe, vra nie groot geloof nie, want Hy vra nie van ons om wildevyebome in die see te gaan plant nie. Hy vra van ons om mekaar te vergewe, en

daarvoor het jy nie geloof nodig nie, maar net gehoorsaamheid.

Jesus sê vir sy dissipels: moenie sit en wag dat iets bonatuurliks, iets wonderliks met julle gebeur sodat julle in vrede met mekaar kan leef nie. Rol julle moue op en begin net doen!

'n Groot deel van ons kind-van-God-wees is nie soseer 'n saak van groot geloof nie, maar doodeenvoudig gehoorsaamheid.

## Onlangse Bydraes



## Argief



© Bybelkoerant 2018 – 2026